higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

## MENSLIKE EN MAATSKAPLIKE ONTWIKKELING
### NKR VLAK 3

(5050063)

**3 Maart 2020 (X-vraestel)**
**09:00–12:00**

**Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye.**

224Q1S2003

Kopiereg voorbehou

**TYD: 3 UUR**
**PUNTE: 180**

---

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke afdeling op 'n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs 'n swart of blou pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

---

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING A

## VRAAG 1

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1–1.20) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 … is geld deur die regering gegee om mense wat finansieel sukkel om toegang tot opvoeding te verkry, by te staan.

A Lenings
B Studiebeurse
C Toelaes
D Beurse

1.2 Die proses om individue te ontwikkel om die gemeenskap te verbeter:

A Opvoedkundige ontwikkeling
B Konstitusionele ontwikkeling
C Intrinsieke ontwikkeling
D Sosiale ontwikkeling

1.3 Ondersteun mense wat gestremd is na 'n trauma.

A Sosiale sekuriteit
B Rehabilitasie
C Community
D Welfare

1.4 Wanneer 'n persoon 'n tekort het aan die mees basiese behoeftes om te bestaan, ervaar hy/sy … armoede.

A algehele
B relatiewe
C tydelik
D werklike

1.5 Die volgende ontwikkelingsuitkomstes is ingesluit by die kurrikulum om families wat in armoede leef, te ondersteun:

A Ontwikkel entrepreneur-geleenthede.
B Identifiseer en los probleme op.
C Toon 'n begrip van die wêreld as 'n stel verwante stelsels.
D Werk effektief met ander as 'n spanlid.

1.6 Die boonste drie vlakke van Maslow se behoeftehiërargie staan bekend as … behoeftes.

A fisiese
B gebrekkige
C groei
D kognitiewe

Kopiereg voorbehou 

1.7 Navorsing wat gedoen word deur waarneming word … navorsing genoem.

A observasie
B ondersoekende
C konstruktiewe
D sekondêre

1.8 Die gesondheidpeil wat by geboorte aandui hoe gesond jy is:

A Omgewing
B Biologie
C Lewenstyl
D Gesondheidsorg

1.9 Koolhidrate voorsien die liggaam van …

A vette.
B minerale.
C sout.
D energie.

1.10 Die Kgabane Project help om … se vaardighede te ontwikkel:

A vrouens
B handelaars
C vakleerlinge
D ambagsmanne en juweliers

1.11 Vleis is ryk aan …

A proteïne.
B vitamine.
C vesel.
D olies.

1.12 'n Toestand wat onder die kategorie van neurologiese gestremdheid val:

A Blindheid
B Doofheid
C Serebrale verlamming
D Geneties

1.13 Die jeug kan na … gaan om hulle met die uitbreiding of stigting van 'n besigheid te ondersteun.

A Umsobomvu
B CIS
C Tshumisano
D SEDA

Kopiereg voorbehou 

1.14 … monsterneming is die benadering van 'n enkele geval om inligting te verkry oor ander soortgelyke mense.

A Sneeubal
B doelbewuste
C kwota
D toevallige

1.15 Akwakultuur wys op die boer wat met … boer.

A bokke
B koeie
C vis
D varke

1.16 Intrinsieke hindernisse sluit … in.

A sintuie
B stimuli
C geweld
D siekte

1.17 Die vaardigheid wat van opvoeders vereis om gebreke by leerders te identifiseer:

A Inklusiwiteit
B Inleiding
C Implementering
D Verbetering

1.18 Om navorsing te doen met kinders onder die ouderdom van 18 jaar is ... nodig.

A waarneming
B ondervraging
C toestemming
D respek

1.19 Volwassenes sonder opleiding kan kwalifikasies deur … verkry.

A VKO
B AOO
C VGOO/ABET
D NKR

1.20 Die proses waartydens 'n mens interpreteer, kategoriseer en gebeurtenisse opeenvolgend plaas:

A Integrasie
B Bewaring
C Inset
D Uitkoms

(20 × 1) **[20]**

Kopiereg voorbehou 

## VRAAG 2

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (2.1–2.20) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

2.1 Die hoofdoel van 'n gedragskode in navorsing is om deelnemers te beskerm.

2.2 'n Navorser het die verantwoordelikheid om eties op te tree.

2.3 Selfaktualisering is die behoefte aan respek en waardering van jouself en vir ander.

2.4 Opvoedkundiges doen navorsing om te bepaal hoe mense leer.

2.5 Dit is onnodig om in 'n bibliografie te verwys na koerante of webtuistes.

2.6 Welstand is meer as net die afwesigheid van siektes – dit sluit 'n gesonde liggaam, verstand en gees in.

2.7 Wanvoeding kan lei tot geestelike en ontwikkelingsgestremdheid.

2.8 Die internasionale dag vir die uitwissing van armoede is jaarliks 17 Oktober.

2.9 Swangerskap en geboorte is ekstrinsieke faktore by leergestremdhede.

2.10 Die term *kognitiewe* verwys na verstandelike prosesse soos persepsie, geheue, denke en probleemoplossing.

2.11 Om iemand te dreig, is nie 'n vorm van geweld nie.

2.12 Die maklikste manier om navorsing te doen, is om iemand te betaal om aan die proses deel te neem.

2.13 Witskrif 6 handel oor die insluiting van onderrig aan studente met spesiale behoeftes.

2.14 Disleksie is 'n leesprobleem.

2.15 SEDA help met die ontwikkeling van groot regeringsbesighede.

2.16 Vitamine is noodsaaklik vir normale groei en ontwikkeling.

2.17 Vision 2014 is verbind tot opvoeding en werksgeleenthede vir almal in Suid-Afrika.

2.18 Huishoudelike uitgawes is nie gekoppel aan opvoedingsvlak nie.

2.19 Inligting van deelnemers kan beskou word as outentiek as dit deur iemand wat hulle ken, verskaf word.

2.20 'n Gesonde manier om jou neus skoon te hou, is om daarin te krap.

(20 × 1) **[20]**

**VRAAG 3**

Kies die korrekte term uit dié tussen hakies. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (3.1–3.20) in die ANTWOORDBOEK neer.

3.1 Die onvermoë om iets te doen as gevolg van 'n fisiese of verstandelike struikelblok, word 'n (gebrek/blokkasie) genoem.

3.2 (Kwantitatiewe/Kwalitatiewe/Doelgerigte) navorsing steun grootliks op numeriese data en stastistiese analise.

3.3 Die proses waardeur voedingstowwe ingeneem en geabsorbeer word, word (wanvoeding/voeding/vertering) genoem.

3.4 (Verbeterings-/Verduidelikende/Ondersoekende) navorsing word gedoen om 'n probleem op te los.

3.5 (Epilepsie/Doofheid/Tuberkulose) is 'n voorbeeld van 'n neurologiese struikelblok.

3.6 Witskrif 6 gee breë riglyne vir (die regte van alle mense in Suid-Afrika/ inklusiewe opvoeding en opleiding).

3.7 Die virus wat die die CD4-selle in die liggaam aanval, is (griep/HIV/TB).

3.8 Die liggaam se verdedigingsmeganisme teen siektes staan bekend as die (immuun-/senu-/verterings-) stelsel.

3.9 (AGS/Disleksie/Haweloosheid) is 'n voorbeeld van 'n ekstrinsieke leergestremdheid.

3.10 (Geweld/Siekte/Neurologiese probleme) is 'n voorbeeld van 'n intrinsieke struikelblok om te leer.

3.11 Deur jouself en jou omgewing skoon te hou, voorkom jy (siektes/wanvoeding).

3.12 (Begaafde/Gebreklike) leerders behoort 'n uitdagender leerervaring te geniet.

3.13 (Fisiologiese/Veiligheids-/Waarderings-) behoeftes is nodig vir die menslike oorlewing.

3.14 (Veiligheid/Gebreke/Groei) voorkom dat 'n persoon na die volgende vlak van Maslow se hiërargie aanbeweeg.

3.15 (Estetika/Tekortkominge/Groei) verwys na behoeftes wat groei en ontwikkeling insluit.

3.16 'n (Ontwerp/Verslag/Steekproef) is 'n gedeelte van die beginsels in 'n bevolking.

3.17 (Beskrywende/Ondersoekende/Kwalitatiewe) navorsing is geskik vir verbale data en subjektiewe analise.

3.18 (Primêre/Sekondêre/Tersiêre) data word deur iemand anders bymekaargemaak.

Kopiereg voorbehou 

3.19 Die mees effektiewe manier om'n opname te doen, is deur ('n onderhoud/waarneming/'n vraelys).

3.20 Navorsers moet die deelnemers aan die navorsing (respekteer in/insluit by/tegemoetkom in) die navorsing deur te verseker dat hulle nie inbreuk maak op die deelnemers se eiewaarde nie.

(20 × 1) **[20]**

**TOTAAL AFDELING A: 60**

## AFDELING B

## VRAAG 4

4.1 Verduidelik elk van die volgende soorte leerhindernisse:

4.1.1 Intrinsieke

4.1.2 Ekstrinsieke

(2 × 2) (4)

4.2 Dui aan of die volgende stellings EKSTRINSIEKE of INTRINSIEKE hindernisse in die leerproses illustreer deur slegs die woord 'Ekstrinsiek' of 'Intrinsiek' langs die vraagnommer (4 2.1–4.2.6) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

4.2.1 Mark is vanaf die begin van die jaar sonder werk as gevolg van swak gesondheid en het sy huis verloor.

4.2.2 Bopeni is blind gebore en kan nie lees of televisie kyk soos ander kinders nie.

4.2.3 Benjamin ly aan neuromuskulêre spierdistrofie wat algehele verlamming veroorsaak het.

4.2.4 Sivenathi en haar gesin woon in 'n enkelkamerhuisie met geen elektrisiteit en dit affekteer haar skoolprestasie.

4.2.5 Sarah het 'n intellektuele gebrek, dus sukkel sy om te leer en om aan die leerproses deel te neem.

4.2.6 Amazulu Primary School het geen fasiliteite om leerders met gebreke te akkommodeer nie, dus sukkel Zuzi om met haar rystoel rond te beweeg.

(6 × 2) (12)

4.3 Wat kan skole doen om leerders by te staan in elk van die volgende eksintrieke situasies?

4.3.1 Kinders wat as gevolg van honger nie in die klas kan konsentreer nie

4.3.2 'n Leerder wat seksueel deur haar stiefpa gemolesteer word

4.3.3 Huishoudings waar 'n kind aan die hoof staan

4.3.4 Straatkinders

(4 × 2) (8)

Lees die situasie hier onder en beantwoord die vrae.

Die hoof van Sinesipho Primary School het besluit om hierdie jaar leerders met spesiale behoeftes in sy skool toe te laat. Hierdie besluit was om te verseker dat die skool die reëls en regulasies van die Departement van Basiese Onderwys nakom. Dit was iets nuuts vir die leerders sonder spesiale behoeftes en hulle het gestaar na, lelike opmerkings gemaak oor en hierdie leerders gespot. In die klaskamer is die leerders met gebreke geïgnoreer en behandel asof hulle nie bestaan nie. Die leerders met spesiale behoeftes het dit uiters moeilik gevind om in die skool aan te pas as gevolg van die ander kinders se onkunde.

4.4 Definieer die term *inklusiewe onderwys*. (2)

4.5 Identifiseer VIER voorbeelde van die gegewe situasie hier bo waar leerders met spesiale behoeftes sleg behandel is deur leerders sonder spesiale behoeftes. (4)

**[30]**

**VRAAG 5**

Lees die situasie hier onder en beantwoord die vrae.

Tutani Primary School is in 'n armoedige omgewing geleë. Die skool se akademiese uitslae is baie swak. Die leerders kan nie konsentreer nie omdat hulle honger is en hulle kan nie skoolhuiswerk doen of studeer nie omdat hulle na hulle jonger broers of susters moet omsien. Kinders verloor beide hulle ouers op 'n vroeë ouderdom as gevolg van HIV/VIGS en hulle eet nie 'n gebalanseerde maaltyd nie wat tot wanvoeding lei. Hierdie omstandighede affekteer hulle skoolwerk ook.

5.1 Definieer elk van die volgende terme:

5.1.1 Armoede

5.1.2 Broodlyn

5.1.3 Wanvoeding

(3 × 2) (6)

5.2 Gee DRIE redes vir die swak akademiese prestasie van Tutani Primary School se leerders. (3 × 2) (6)

Kopiereg voorbehou 

Bestudeer die tabel hier onder en beantwoord die vrae.

| TOWNSHIP | HUISHOUDINGS | PERSENTASIE ARMOEDIGE HUISHOUDINGS | MENSE IN BASIES ARMOEDIGE HUISHOUDINGS |
|---|---|---|---|
| Peddie | 2 663 494 | 12,5% | 767 363 |
| Gugulethu | 746 539 | 5,5% | 256 198 |
| Bisho | 3 962 246 | 4,6% | 514 824 |
| Komga | 2 675 654 | 7,7% | 641 366 |
| Walmer | 1 553 085 | 12,5% | 581 377 |
| Veeplaas | 1 957 861 | 7,8% | 156 209 |
| Mooiplaas | 454 868 | 8,8% | 205 830 |
| Kleinskool | 1 256 322 | 6,6% | 368 567 |
| Alex | 1 633 875 | 2,7% | 176 076 |

5.3 Bereken:

5.3.1 Die gemiddeld van mense wat woon in basies armoedige huishoudings. (3)

5.3.2 Die modale waarde van die persentasie armoedige huishoudings. (2)

5.3.3 Die mediaan van die persentasie armoedige huishoudings. (2)

5.3.4 The verspreiding van die hoeveelheid mense wat in basies armoedige huishoudings woon. (3)

Lees die situasie hier onder en beantwoord die vrae.

Vandag het mev. Van Wyk besluit om van 'n samewerkende onderrigmetode gebruik te maak. Sy het die klas in groepe van ses verdeel. Sy moes die een span aanspreek wat gesê het dat hulle nie seuns in hulle groep wou hê nie. Toe kom sy agter dat leerders in 'n ander groep die idees van stiller leerders verontagsaam het en ook geweier het om deur die groepleier beheer te word. Sy moes hulle aanspreek en verduidelik hoe om mekaar te behandel. Die een groep het nie die taak waarmee hulle besig was, voltooi nie en mev. Van Wyk het hulle gevra om verantwoordelikheid te aanvaar vir hulle optrede. Die sterker groepe is gevra om hulp te verleen en die swakker groepe te ondersteun. Mev. Van Wyk het hierdie leerders geleer hoe om hulle gedagtes te interpreteer en hulle opinies te lug.

5.4 Identifiseer VYF fundamentele waardes van die konstitusie volgens die manifes van waardes wat in die gegewe situasie gegee word. (5)

5.5 Noem die DRIE vlakke waarin formele onderwys in Suid-Afrika verdeel is. (3)

**[30]**

## QUESTION 6

6.1 Verduidelik elk van die volgende terme:

6.1.1 Sosiale ontwikkeling

6.1.2 Toelae

(2 × 2) (4)

6.2 Identifiseer die soort toelaag wat aan die individue hier onder toegestaan is. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (6.2.1–6.2.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

6.2.1 Lelethu lei aan serebrale verlamming en sy ma moes uit haar werk bedank omdat hy voltyds versorg moet word.

6.2.2 Ronald was 'n paar maande gelede in 'n motorongeluk en is op die ouderdom van vyf en twintig gebreklik. Sy toestand is permanent en hy besef nou dat hy van 'n toelaag afhanklik is om te oorleef.

6.2.3 Ben het albei sy ouers met die HIV/VIGS pandemie verloor en is nou 'n weeskind. Sy ouma het toesig oor hom gekry.

6.2.4 Fakhu het lewenslank as 'n nutsman gewerk en het die ouderdom van 65 bereik. Hy is nou van die regeringstoelaag afhanklik om te oorleef.

6.2.5 Siyamthanda het swanger geraak terwyl sy in graad 9 was. Haar kêrel het weggeloop toe hy uitvind sy is swanger. Sy sukkel om werk te kry, want sy het geen kwalifikasies nie en niemand wil haar help om na die baba te kyk nie.

(5 × 2) (10)

Lees die uittreksel hier onder en beantwoord die vrae.

Armoede het op verskillende maniere 'n impak op families. Dit is 'n siklus wat beteken as jy in armoede grootgeword het, staan jy 'n baie goeie kans om in armoede te bly.

6.3 Gee EEN voorbeeld van hoe armoede op elke vlak van Maslow se behoeftehiërargie 'n impak op 'n gesin sal hê:

6.3.1 Fisiologiese behoeftes

6.3.2 Behoefte aan veiligheid en sekuriteit

6.3.3 Sosiale behoeftes

6.3.4 Agtingsbehoeftes

6.3.5 Selfverwesenlikingsbehoeftes

(5 × 2) (10)

6.4 Gee EEN voorbeeld wat die impak van armoede op elk van die volgende het:

6.4.1 Kognititiewe

6.4.2 Psigomotoriese

6.4.3 Sosio-affektiewe

(3 × 2) (6)

**[30]**

## QUESTION 7

Die HIV/VIGS pandemie eis baie lewens in Suid-Afrika. Oumense gaan dood as gevolg van huweliksontrou. Tieners sterf as gevolg van onveilige seksuele aktiwiteite. Kinders raak op 'n baie vroeë en weerlose ouderdom ouerloos en ouer broers en susters moet aan die hoof van huishoudings staan. Die pandemie is besig om in arm gemeenskappe te groei as gevolg van 'n gebrek aan kennis.

7.1 Gee VYF veranderlikes uit die situasie hier bo om te meet of 'n navorsingsprojek aangepak moet word. (5)

Lees die situasie hier onder en beantwoord die vrae.

Jy het 'n monstergroep vir jou navorsingsprojek geselekteer uit die huishoudings wat deur kinders bestuur word. Jy wil hulle lewensomstandighede en oorlewingstrategieë vasstel.

7.2 Ontwerp 'n vraelys met die volgende kriteria:

- TWEE geslote vrae
- TWEE oop vrae
- TWEE vrae as stellings (3 × 4) (12)

Lees die situasie hier onder en beantwoord die vrae.

Helen is 'n dertigjarige huisvrou wat getroud is, twee kinders het en daarvoor lief is om vir haar gesin te kook. Sy volg elke dag dieselfde roetine, maar sy besef nie hoe belangrik dit is om goeie higiëne toe te pas nie. Sy was nie haar hande nadat sy die toilet gebruik het of voordat sy begin kosmaak nie. Sy gebruik dieselfde mes om vleis mee te sny en 'n slaai voor te berei. Daar is nie eens eetgerei vir die hele gesin nie, daarom deel hulle dieselfde eetgerei. Wanneer almal klaar geëet het, bedek sy die oorskietkos vir die volgende dag met 'n doek. Terwyl sy die skottelgoed doen, krap sy die bene en krummels van die borde af by die agterdeur uit vir die honde. Sy gebruik dieselfde lap om die kombuisopwasbak en die badkamer skoon te maak.

7.3 Noem VYF ongesonde gewoontes wat Helen in die situasie hier bo beoefen. (5)

7.4 Gee VIER voorbeelde van hoe om 'n gesonde lewenstyl te handhaaf. (4 × 2) (8)

**[30]**

**TOTAAL AFDELING B: 120**
**GROOTTOTAAL: 180**

Kopiereg voorbehou